

## REKENINGKUNDE: BEGELEI JY OF ONDERRIG JY NET?

Jou rol in die onderrig van Rekeningkunde moet wees om die *leerders te begelei om te ontdek*. Dit is 'n baie beter opsie as om die *leerders te leer om te doen*. Dit is van besondere belang wanneer die grondslag van Rekeningkunde, die Rekeningkundige vergelyking, behandel word.

Die eindresultaat van die rekeningkundige proses is in die vorm van verslae en finansiële state. Hierdie verslae en state toon hoe 'n onderneming of organisasie presteer het en verskaf die nodige inligting om vir die toekoms te beplan. Die Balansstaat (Staat van finansiële posisie) is een van die betrokke state en toon die finansiële posisie van 'n onderneming op 'n spesifieke datum. Dit toon wat die onderneming besit (bates), wat hulle skuld (laste of aanspreeklikhede) en die verskil, wat as ekwiteit of eienaarsbelang bekend staan. As ons hierdie drie items in die vorm van 'n vergelyking skryf, kry ons:  $Bates - Laste = Eienaarsbelang$ . Ons werk in rekeningkunde gewoonlik met positiewe bedrae. Daarom word die vergelyking, wat as die basiese rekeningkundige vergelyking bekend staan, geskryf as:  $Bates = Eienaarsbelang + Laste$ . Die rekeningkundige vergelyking is dus 'n vereenvoudigde Balansstaat.

Sodra 'n transaksie plaasvind, het dit 'n invloed op die rekeningkundige vergelyking. Let op dat die betrokke invloed plaasvind **voordat enige inskrywing opgeteken is**. Die betrokke invloed word geboekstaaf deur 'n inskrywing te doen. Dus, die inskrywing is die **gevolg** van die invloed op die vergelyking.

Dit maak sin om die grondslag van 'n vak – in hierdie geval die rekeningkundige vergelyking – as vertrekpunt te neem en dan deurgaans op die basiese rekeningkundige beginsels en begrippe te bou. Leerders moet dus eers die invloed van **alle nuwe transaksies** op die rekeningkundige vergelyking oorweeg en daarna besluit watter inskrywing gedoen moet word om die betrokke invloed te boekstaaf.

Dit is nie net die invloed van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking wat belangrik is nie, maar ook die van die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk op die inskrywing. Een sodanige transaksie is verkope, nog een is die waardevermindering van 'n vaste bate en nog 'n ander is die aankope van handelsware waar die periodieke voorraadopname-stelsel in gebruik is. Die feit bly egter staan dat die invloed van 'n transaksie op die rekeningkundige vergelyking **altyd plaasvind voordat enige inskrywing gedoen is**. Die inskrywing is **altyd die gevolg** van die invloed op die vergelyking en, waar van toepassing, algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Hierdie feit behoort deurgaans, waar van toepassing, toegepas te word.

### Voorgestelde vertrekpunt vir die aanvangsonderrig van Rekeningkunde

Begin deur leerders die geleentheid te gee om die rekeningkundige vergelyking te ontdek deur die invloed van kontanttransaksies van 'n diensonderneming op die elemente van die vergelyking te bespreek. Doen dit stap-vir-stap deur met slegs twee elemente van die vergelyking, bates en eienaarsbelang, te begin. Moenie onmiddellik na die begrip *rekeningkundige vergelyking* verwys nie. Lei die leerders om die rekeningkundige vergelyking te ontdek deur vir hulle 'n kumulatiewe opsomming (vereenvoudigde Balansstaat) te laat opstel na elke transaksie. Die kumulatiewe opsomming toon duidelik hoe die finansiële posisie na elke transaksie verander. Die volgende drie transaksies van Rufus Loodgieters kan as voorbeeld dien:

1. Rufus begin sy onderneming, Rufus Loodgieters, deur sy kapitaalbydrae van R80 000 in die lopende bankrekening van die onderneming te deponeer; kwitansie 001 uitgereik.
2. Koop 'n voertuig van Bingo Motors; betaal R25 000 per tjek 001.
3. Reik tjek 002 vir R15 000 uit aan Kus Winkels vir toerusting.

Moenie die betrokke dokumente op hierdie stadium in besonderhede bespreek nie. Verwys net na die doel van dokumente in die algemeen. Beklemtoon dat wanneer jy na die invloed van 'n transaksie op bates en/of eienaarsbelang kyk, jy die transaksie **uit die onderneming se oogpunt** moet ontleed. Lei

die leerders om die transaksies sorgvuldig te lees en dan vir hulself af te vra wat gebeur het. Die antwoord op hierdie vraag en die onderwyser se leiding ten opsigte van die kumulatiewe opsomming na elke transaksie, sal hulle na die volgende oplossing lei:

#### Invloed op bates en eienaarsbelang

| No. | Bates   |                       | Eienaarsbelang |                           |
|-----|---------|-----------------------|----------------|---------------------------|
|     | Invloed | Rede                  | Invloed        | Rede                      |
| 1.  | +80 000 | Kontant vermeerder    | +80 000        | Eienaar se kapitaalbydrae |
| 2.  | -25 000 | Kontant verminder     |                |                           |
|     | +25 000 | Voertuie vermeerder   |                |                           |
| 3.  | -15 000 | Kontant verminder     |                |                           |
|     | +15 000 | Toerusting vermeerder |                |                           |

#### Kumulatiewe opsomming na elke transaksie

| No. | Bates      |         | Eienaarsbelang |         |
|-----|------------|---------|----------------|---------|
| 1.  | Kontant    | R80 000 | Kapitaalbydrae | R80 000 |
| 2.  | Kontant    | 55 000  | Kapitaalbydrae | 80 000  |
|     | Voertuie   | 25 000  |                |         |
|     |            | R80 000 |                | R80 000 |
| 3.  | Kontant    | 40 000  | Kapitaalbydrae | 80 000  |
|     | Voertuie   | 25 000  |                |         |
|     | Toerusting | 15 000  |                |         |
|     |            | R80 000 |                | R80 000 |

Met die nodige leiding het leerders ontdek dat:

- Bates = Eienaarsbelang (laste is nog nie bespreek nie)
- Die aankoop van bates beïnvloed nie die eienaarsbelang nie.
- Hoewel die aankoop van bates vir kontant nie die eienaarsbelang beïnvloed nie, beïnvloed dit wel die kontant (finansiële) posisie van die onderneming.
- Eienaarsbelang is nie noodwendig gelyk aan kontant nie.
- Die geld wat van die eienaar ontvang is (transaksie 1) word 'n ontvangste genoem.
- Die geld wat betaal is vir 'n voertuig en toerusting (transaksies 2 en 3) word betalings genoem.

Hierbenewens sal die kumulatiewe opsomming die leerders help om, wanneer die tyd aanbreek, die Balansstaat beter te verstaan. Op hierdie stadium word daar nie na die term *Balansstaat* verwys nie.

Leerders kan aan uitgawes en inkomste bekendgestel word deur die invloed van die volgende drie transaksies van Rufus Loodgieters op die rekeningkundige vergelyking te bepaal en die kumulatiewe opsomming verder te voer.

4. Betaal die plaaslike koerant, *Daily News*, vir advertensie, tjek 003, R400.
5. Huur 'n stookkamer van Eerstestraat Eiendomme; betaal huur per tjek 004, R900.
6. Kontant ontvang vir dienste gelewer, kontantregisterrol, R3 300.

#### Invloed op bates en eienaarsbelang

| No. | Bates   |                    | Eienaarsbelang |                       |
|-----|---------|--------------------|----------------|-----------------------|
|     | Invloed | Rede               | Invloed        | Rede                  |
| 4.  | -400    | Kontant verminder  | -400           | Advertensie – uitgawe |
| 5.  | -900    | Kontant verminder  | -900           | Huur – uitgawe        |
| 6.  | +3 300  | Kontant vermeerder | +3 300         | Inkomste verdien      |

### Kumulatiewe opsomming na elke transaksie

| No. | Bates      |                | Eienaarsbelang |        |
|-----|------------|----------------|----------------|--------|
| 4.  | Kontant    | 39 600         | Eienaarsbelang | 79 600 |
|     | Voertuie   | 25 000         |                |        |
|     | Toerusting | 15 000         |                |        |
|     |            | <u>R79 600</u> |                |        |
| 5.  | Kontant    | 38 700         | Eienaarsbelang | 78 700 |
|     | Voertuie   | 25 000         |                |        |
|     | Toerusting | 15 000         |                |        |
|     |            | <u>R78 700</u> |                |        |
| 6.  | Kontant    | 42 000         | Eienaarsbelang | 82 000 |
|     | Voertuie   | 25 000         |                |        |
|     | Toerusting | 15 000         |                |        |
|     |            | <u>R82 000</u> |                |        |

Met die nodige leiding leer leerders dat:

- 'n Betaling wat die eienaarsbelang verminder, word 'n uitgawe genoem.
- 'n Ontvangste wat die eienaarsbelang vermeerder, word 'n inkomste genoem.
- Bates = Eienaarsbelang (laste is nog nie bespreek nie).
- Wins = Inkomste minus Uitgawes [3 300 – (400+ 900) = 3 300 – 1 300 = R2 000]
- Eienaarsbelang na transaksie 1 (R80 000) + Wins (R2 000) = Eienaarsbelang na transaksie 6 (R82 000).
- Rykdom beteken nie noodwendig baie kontant nie.

Bostaande is almal belangrike begrippe wat op alle vlakke van rekeningkunde van toepassing is.

Die enigste reëls wat leerders hoef te ken is die reëls wat op alle transaksies betrekking het en ons in staat stel om logies te redeneer om te besluit watter rekening ons moet debiteer en watter rekening ons moet krediteer. Hulle is:

| Baterekening                         | Dt.                 | BATES                | Kt. |
|--------------------------------------|---------------------|----------------------|-----|
| • vermeerder met 'n debietinskrywing | Vermeerder met      | Verminder met        |     |
| • verminder met 'n kredietinskrywing | 'n debietinskrywing | 'n kredietinskrywing |     |

| Lasterekening (nadat hulle bespreek is) | Dt.                 | LASTE                | Kt. |
|---|---------------------|----------------------|-----|
| • vermeerder met 'n kredietinskrywing   | Verminder met       | Vermeerder met       |     |
| • verminder met 'n debietinskrywing     | 'n debietinskrywing | 'n kredietinskrywing |     |

| Eienaarsbelang                        | Dt.                 | EIENAARSBELANG       | Kt. |
|---------------------------------------|---------------------|----------------------|-----|
| • vermeerder met 'n kredietinskrywing | Verminder met       | Vermeerder met       |     |
| • verminder met 'n debietinskrywing   | 'n debietinskrywing | 'n kredietinskrywing |     |

Die logiese gevolgtrekking is:

|  |     |                  |     |
|--|-----|------------------|-----|
| • Ons krediteer inkomsterekening<br>omdat inkomste eienaarsbelang vermeerder | Dt. | INKOMSTE         | Kt. |
|  |     | Word gekrediteer |     |

|   |                 |          |     |
|---|-----------------|----------|-----|
| • Ons debiteer uitgawerekening<br>omdat uitgawes eienaarsbelang verminder | Dt.             | UITGAWES | Kt. |
|   | Word gedebiteer |          |     |

Boekstaaf die transaksies van Rufus Loodgieters in vereenvoudigde grootboekrekening (T-rekening) deur die reëls vir die debitering en kreditering van grootboekrekening toe te pas. Na voltooiing, sal die oplossing soos volg lyk:

**Algemene grootboek van Rufus Loodgieters**

| <i>Baterekeninge</i> |                  |        |     |              | <i>Rekening wat eienaarsbelang beïnvloed</i> |      |     |      |        |
|----------------------|------------------|--------|-----|--------------|--|------|-----|------|--------|
| Dt.                  | BANK             |        | Kt. | Dt.          | KAPITAAL                                     |      | Kt. |      |        |
| 1.                   | Kapitaal         | 80 000 | 2.  | Voertuie     |  |      | 1.  | Bank | 80 000 |
| 6.                   | Lopende inkomste | 3 300  | 3.  | Toerusting   | 15 000                                       |      |     |      |        |
|                      |                  |        | 4.  | Advertensies | 400  |      |     |      |        |
|                      |                  |        | 5.  | Huuruitgawe  | 900  |      |     |      |        |
| <hr/>                |                  |        |     |              | <hr/>  |      |     |      |        |
| VOERTUIE             |                  |        |     |              | ADVERTENSIES                                 |      |     |      |        |
| 2.                   | Bank             | 25 000 |     |              | 4.   | Bank | 400 |      |        |
| <hr/>                |                  |        |     |              | <hr/>  |      |     |      |        |
| TOERUSTING           |                  |        |     |              | HUURUITGAWE                                  |      |     |      |        |
| 3.                   | Bank             | 15 000 |     |              | 5.   | Bank | 900 |      |        |
| <hr/>                |                  |        |     |              | <hr/>  |      |     |      |        |
|                      |                  |        |     |              | LOPENDE INKOMSTE                             |      |     |      |        |
|                      |                  |        |     |              |  |      | 6.  | Bank | 3 300  |

Leerders kan gelei word om:

- aan te dui hoeveel rekeninge geopen is
- die baterekening wat geopen is te noem
- die uitgawerekening wat geopen is te noem
- die inkomsterekening wat geopen is te noem
- aan te dui hoeveel inskrywings in die Bankrekening opgeteken is.

Dit is belangrik vir leerders om te onderskei tussen die verskillende rekeninge wat in die Algemene grootboek voorkom en die verskil tussen die begrippe 'rekeninge' en 'inskrywings' te verstaan.

Hierdie vereenvoudigde grootboekrekening kan gebruik word om die leerders bekend te stel aan ontleding en vertolking. Dit kan gedoen word deur die volgende vrae aan die leerders te vra en waar nodig, leiding te gee ten opsigte van die antwoorde:

| <i>Vrae</i>  | <i>Leerders ontdek dat</i>   |
|--|--|
| 1. Hoeveel geld het die onderneming in die bank?                               | 1. Die saldo in die Bankrekening toon hoeveel geld in die bank is.   |
| 2. Lys al die rekeninge en die saldo's of totale daarvan en tel die bedrae op. | 2. Indien 'n lys van rekeninge met hul saldo's opgestel word, sal die totaal van die debietsaldo's gelyk wees aan die totaal van die kredietsaldo's.   |
| 3. Bereken watter wins gemaak is.  | 3. Om die wins te bereken, moet ons die inkomste- en uitgawerekening identifiseer. Die werklike berekening van wins word in 'n Inkomstestaat gedoen.   |
| 4. Hoeveel bedra die eienaarsbelang nou?                                       | 4. Die berekende wins is die netto bedrag waarmee die eienaarsbelang gedurende 'n gegewe tydperk vermeerder het. Die eienaarsbelang bestaan uit die oorspronklike kapitaalbydrae plus die wins.                                |
| 5. Maak 'n lys van die bates en tel die saldo's daarvan op.                    | 5. Die totaal van die saldo's van die bates is gelyk aan die eienaarsbelang soos in 4 bereken. Dit kan met die kumulatiewe opsomming na transaksie 6 vergelyk word.<br>Bates = Eienaarsbelang (laste is nog nie bespreek nie.) |

Ontleding en vertolking begin hier; weliswaar in 'n vereenvoudigde vorm en op 'n baie lae vlak, maar die saad is gesaai.

Met die bekendstelling van 'n handelonderneming, moet beklemtoon word dat alles wat ten opsigte van die diensonderneming bespreek is, ook vir die handelonderneming geld. Die enigste nuwe transaksies is die aankoop en verkoop van handelsvoorraad. Die aankoop van handelsvoorraad is niks anders as die aankoop van 'n bate nie. Die verkoop daarvan benodig 'n bietjie meer leiding.

Namate daar met die onderskeie transaksies op aanvangsvlak gevorder word, moet die doel van rekeningkunde, naamlik om finansiële inligting te verskaf, voortdurend in gedagte gehou word. Alles in 'n rekeningkundige stelsel word gedoen met dit in gedagte.

Indien 'n onderneming handelsvoorraad (oorspronklike kosprys, R200) vir R350 kontant verkoop, is die invloed op die rekeningkundige vergelyking soos volg:

| <b>B</b>                  | <b>E</b>    | <b>L</b> |
|---------------------------|-------------|----------|
| +350 (Kontant vermeerder) |             |          |
| -200 (Voorraad verminder) | +150 (Wins) | 0        |

Let weer eens daarop dat hierdie invloed plaasgevind het voordat enige inskrywing gedoen is.

Dit is vir 'n onderneming belangrik om te weet wat die omset (totale verkope) is en wat die verkoopte goedere vir die onderneming gekos het. Daar word dus twee inskrywings van die netto vermeerdering van eienaarsbelang gedoen. Een om die verkopebedrag (R350) en een om die koste van die goedere verkoop (R200) te toon. Hierdie is die eerste transaksie waar, benewens die invloed van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking, algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk ook die inskrywing bepaal.

Gevolglik word Bank gedebiteer (R350) en Verkope gekrediteer (R350) en Koste van verkope gedebiteer (R200) en Handelsvoorraad gekrediteer (R200).

Dit **beteken nie** dat die invloed onder Ekwiteit nou +350 en -200 is nie. Die invloed onder Ekwiteit is steeds +150 (Wins), want dit is die resultaat van die vermeerdering in kontant (+R350) en die vermindering van voorraad (-R200).

Teen hierdie tyd kan die leerders gemaklik redeneer oor die invloed van 'n transaksie op bates en ekwiteit. Die bekendstelling van laste met 'n transaksie soos die aankoop van 'n voertuig op krediet is dus maklik vir hulle om te begryp. Met die nodige leiding ontdek leerders dat 'n bedrag deur die onderneming verskuldig, 'n las skep – die derde element van die rekeningkundige vergelyking.

Die volgende logiese transaksie, naamlik die betaling of gedeeltelike betaling van die betrokke las (krediteur) en die gevolglike vermindering in kontant en laste, hou ook geen probleem vir leerders in nie. Die rekeningkundige vergelyking, Bates = Eienaarsbelang + Laste, is nou volledig en die leerders het die oorsprong daarvan eerstehands ervaar.

Op hierdie stadium het leerders 'n geheelbeeld van Rekeningkunde en die beginsels wat bespreek is, vorm die grondslag vir die werk wat nog bespreek moet word. Die invloed van transaksies op die rekeningkundige vergelyking is 'n belangrike hulpmiddel vir logiese redenering in rekeningkunde en onderwysers word sterk aangeraai om dit as vertrekpunt vir alle nuwe transaksies te gebruik.

Benewens verkope, is daar meer transaksies waar nie net die invloed van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking nie, maar ook algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk die inskrywing bepaal. Een sodanige transaksie is die waardevermindering van 'n vaste bate en 'n ander is die aankoop van handelsware waar die periodieke voorraadopname-stelsel in gebruik is.

Wanneer handelsware gekoop word, vermeerder die bate Handelsvoorraad, ongeag watter voorraadstelsel gebruik word. Die feit dat die Aankoperekening gedebiteer word wanneer die periodieke voorraadopname-stelsel gebruik word, **verander nie hieraan nie**. Laat dit dus nogeens beklemtoon word dat die inskrywing nie die vergelyking beïnvloed nie – die inskrywing is die gevolg

van die invloed van 'n transaksie op die vergelyking en, waar van toepassing, van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

--- o o o O o o o ---